| istrik | Grootte in ha |
|---|---|
| ........ | 9,037 7 |
| | 6,374 2 |
| | 150,355 1 |
| | 24,298 7 |
| ........ | 12,804 2 |
| | 1 924,437 6 |
| | 42,826 6 |
| | 91,620 4 |
| | 775,298 5 |
| | 1 819,235 4 |
| | 1 672,936 9 |
| | 228,527 0 |
| | 1 727,984 7 |
| | 429,940 5 |
| ........ | 245,552 1 |
| | 317,285 1 |
| | 733,713 9 |
| | 518,333 2 |
| | 218,652 7 |
| | 62,214 9 |
| ........ | 36,964 5 |

## NELANDSE SAKE

23 Desember 1977

-INGE, 1937

SHUA IN MAJIET

haag om, kragtens die
Wet op Vreemdelinge,
Seddique Joshua, woon-
63, Durban, te magtig

23 Desember 1977

-INGE, 1937

IAT IN COETZEE

haag om, kragtens die
Wet op Vreemdelinge,
Dramat, woonagtig te
nagtig om die van Coet-

23 Desember 1977

-INGE, 1937

'BELL IN DEACON

haag om, kragtens die
Wet op Vreemdelinge,
d John Campbell, woon-
raai, te magtig om die

23 Desember 1977

-INGE, 1937

COBS IN PALUZZI

haag om, kragtens die
t op Vreemdelinge, 1937
etha Marionetta Jacobs
gtig te Arizonasingel 15,
burg, te magtig om die

## DEPARTMENT OF MINES

No. 2563 23 December 1977

RESERVATION OF LAND FOR PURPOSES OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for purposes of a township a portion of proclaimed land, approximately 1,464 4 hectares in extent, situate on the farm Witpoortje 117 IR, District of Brakpan, Mining District of Johannesburg, Province of the Transvaal registered in the name of Andrew George Thornhill and as shown on a sketch plan, copies of which have been filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under RMT No. R.66/77.

(19/5/1/533)

## DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 2563 23 Desember 1977

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer 1,464 4 hektaar groot, geleë op die plaas Witpoortje 117 IR, distrik Brakpan, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van Andrew George Thornhill, en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT No. R.66/77 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doel van 'n dorp uitgehou.

(19/5/1/533)

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 2567 23 December 1977

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare the historic Kramersdorf Building, Swakopmund, also known as Scultetus Heim, with 1,50 metres of land on both street sides and 4,50 metres of land on the northern and eastern sides, to be a national monument.

*Description*

The historic Kramersdorf Building, Swakopmund, also known as Scultetus Heim, with 1,50 metres of land on both street sides and 4,50 metres of land on the northern and eastern sides, situated on certain Erf 75 in the Municipality and District of Swakopmund and measuring eighty-eight (88) aras and one (1) square metre.

Deed of Transfer 686/1952, dated 25 August 1952.

*Historical and architectural interest*

The historic Scultetus Heim was built by one F. Kramer in 1912. In 1932 the building was taken over by Major Scultetus and equipped and used as a hostel. It is closely associated with the history of Swakopmund.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 2567 23 Desember 1977

VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese Kramersdorf-gebou, Swakopmund, ook bekend as Scultetus Heim, met 1,50 meter grond aan beide straatkante en 4,50 meter grond aan die noorde- en oostekant, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese Kramersdorfgebou, Swakopmund, ook bekend as Scultetus Heim, met 1,50 meter grond aan beide straatkante en 4,50 meter grond aan die noorde- en oostekant, geleë op sekere Erf 75 in die munisipaliteit en distrik Swakopmund en groot agt-en-tagtig (88) aras en een (1) vierkante meter.

Transportakte 686/1952, gedateer 25 Augustus 1952.

*Historiese en argitektoniese belang*

Die historiese Scultetus Heim is in 1912 deur ene F. Kramer gebou. In 1932 het majoor Scultetus die gebou oorgeneem en as 'n koshuis ingerig en gebruik. Dit is ten nouste verbonde met die geskiedenis van Swakopmund.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 2568 23 December 1977

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF NATURAL ROCK BRIDGE, GRASKOP, DISTRICT OF PILGRIM'S REST

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare a certain surveyed portion of the remainder of the farm Graskop 564 KT, District of Pilgrim's Rest, with the unique natural rock bridge thereon, to be a national monument.

*Description*

That portion of the remainder of the farm Graskop 564 KT, with the unique natural rock bridge thereon, situate in the District of Pilgrim's Rest, Province of the Transvaal, and represented by the figure A B C D A

No. 2568 23 Desember 1977

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN NATUURLIKE ROTSBRUG, GRASKOP, DISTRIK PELGRIMSRUS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby 'n sekere opgemete gedeelte van die restant van die plaas Graskop 564 KT, distrik Pelgrimsrus, met 'n unieke natuurlike rotsbrug daarop, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Daardie gedeelte van die restant van die plaas Graskop 564 KT, met die unieke natuurlike rotsbrug daarop, wat geleë is in die distrik Pelgrimsrus, provinsie Transvaal, en wat voorgestel word deur die figuur A B C D A

on Diagram LG, No. A926/72, dated 4 April 1972, and filed at the office of the Surveyor General in Pretoria. Measuring: 384 square metres.

Deed of Transfer 1773/1874, dated 14 November 1874.

*Geological interest*

The Natural rock bridge is a unique geological feature.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

op Diagram LG, No. A926/72, gedateer 4 April 1972 en geliasseer by die kantoor van die Landmeter-generaal in Pretoria. Groot: 384 vierkante meter.

Transportakte 1773/1874, gedateer 14 November 1874.

*Geologiese belang*

As geologiese verskynsel is die natuurlike rotsbrug sonder gelyke.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 2574 23 December 1977

## ADVANCED TECHNICAL EDUCATION ACT, 1967

## DESIGNATION OF COLLEGE AND SUBJECTS

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2A of the Advanced Technical Education Act, 1967 (Act 40 of 1967), I hereby designate the Port Elizabeth College for Advanced Technical Education and the following subjects in order that—

(a) students of the University of Port Elizabeth may be granted access to the designated college for the purpose of or in connection with the training of such students as teachers for secondary schools in the designated subjects; and

(b) any member of the staff of the designated college may be made available to the said university on a part-time basis for the purpose of assisting in the teaching and training of students at that university as teacher for secondary schools in the designated subjects.

1. *Higher Teachers' Diploma (Woodwork and Metalwork).*

(a) Woodwork and Metalwork 1, 2, 3 and 4.
(b) Method of Woodwork and Metalwork.

2. *Higher Teachers' Diploma (Typing, Snelskrif and Shorthand).*

(a) Typing 1 and 2.
(b) Snelskrif and Shorthand 1 and 2.
(c) Method of Typing, Snelskrif and Shorthand.

3. *One Year Full-time Higher Teachers' Diploma (Technical).*

(a) Method of Technical Subjects.
(b) Method of Technical Drawing.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

No. 2574 23 Desember 1977

## WET OP GEVORDERDE TEGNIESE ONDERWYS, 1967

## AANWYSING VAN KOLLEGE EN VAKKE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2A van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967 (Wet 40 van 1967), wys ek hierby die Port Elizabethse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys en die onderstaande vakke aan sodat—

(a) aan studente van die Universiteit van Port Elizabeth toegang tot die aangewese kollege verleen kan word vir doeleindes van of in verband met die opleiding van daardie studente as onderwysers vir sekondêre skole in die aangewese vakke; en

(b) 'n lid van die personeel van die aangewese kollege deeltyds aan genoemde universiteit beskikbaar gestel kan word ten einde in verband met die onderrig en opleiding van studente aan daardie universiteit as onderwysers vir sekondêre skole in die aangewese vakke hulp te verleen.

1. *Hoër Onderwysdiploma (Hout- en Metaalwerk).*

(a) Hout- en Metaalwerk 1, 2, 3 en 4.
(b) Metodiek van Hout- en Metaalwerk.

2. *Hoër Onderwysdiploma (Tikskrif, Snelskrif en Shorthand).*

(a) Tikskrif 1 en 2.
(b) Snelskrif en Shorthand 1 en 2.
(c) Metodiek van Tikskrif, Snelskrif en Shorthand.

3. *Eenjarige Voltydse Hoër Onderwysdiploma (Tegnies).*

(a) Metodiek van Tegniese Vakke.
(b) Metodiek van Tegniese Tekene.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding. Opvoeding.

---

No. 2602 23 December 1977

## APPLICATION FOR REGISTRATION OF AN HERALDIC REPRESENTATION AND OBJECTIONS THERETO

[Section 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The undermentioned association has applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration of its heraldic representation. Anyone wishing to object to the registration of this heraldic representation on the ground that such registration will encroach upon rights to which he is legally entitled, should do so within two months of the date of publication of this notice upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001:

*Applicant.*—Van der Walt Family Association. (H4/3/1/2498.)

*Arms.*—Per pale dexter Or a dimidiated Frisian eagle, sinister Azure, a fleur-de-lis Or, and a chief per pale counter-changed.

No. 2602 23 Desember 1977

## AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N HERALDIESE VOORSTELLING EN BESWARE DAARTEEN

[Artikel 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), soos gewysig]

Ondergenoemde vereniging het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie van sy heraldiese voorstelling. Enigeen wat teen die registrasie van hierdie heraldiese voorstelling beswaar wil aanteken op grond daarvan dat sodanige registrasie inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, moet dit doen binne twee maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, verkrygbaar is:

*Aansoeker.*—Van der Walt-Familiebond. (H4/3/1/2498.)

*Wapen.*—Gedeel, regs, in goud 'n halwe Friese adelaar, links in blou, 'n fleur de lis van goud, en 'n skildhoof gedeel van die een in die ander.